



Rikenette Steenkamp het onlangs in Praag die Suid-Afrikaanse 100 m-hekkies-rekord, wat sedert 1998 gestaan het, gebreek. Foto: REG CALDECOTT

# SA rekord van 20 jaar val

## Wilhelm de Swardt

**A**s daar 'n prys vir deurstellingsvermoë was, sou die Tuks-atleet Rikenette Steenkamp beslis 'n aanspraakmaker gewees het.

Verlede week het sy een van die oudste Suid-Afrikaanse rekords verbeter toe sy by die Memorial Josefa Odložila-byeenkoms in Praag die 100 m-hekkies in 12.91 sek. afgeblits het. Sy was weliswaar tweede, maar dit het nie saak gemaak nie. Die rekord van 12.94 sek. wat Corien Botha op 10 Julie 1998 in Salamanca opgestel het, was hare.

Die afgelope naweek in Stockholm was sy weer tweede in 'n tyd van 12.99 sek.

Dit het nege lang, frustrerende jare vir Steenkamp geneem om dié peil te bereik. Een ding is gewis: Min sou 'n droom bly najaag

as jy terugslag ná terugslag moes trotseer en ure in dokters en fisioterapeute se spreekkamers moes deurbring. En dit alles ter wille van 'n sport, soos atletiek, waar die enigste beloning in Suid-Afrika dikwels niks meer as 'n medalje en 'n klop op die skouer is nie.

Maar dan is "doodgewoon" nooit 'n woord wat gebruik sal word om Steenkamp te beskryf nie. Sy is 'n ware vegter wat wanneer sy aan haarself 'n doelwit gestel het, nie sal opgee voordat sy dit bereik het nie.

In 2010 in haar matriekjaar by die Hoërskool Menlopark was Steenkamp onstuitbaar. Sy het die Suid-Afrikaanse senior en junior titels in die 100 m-hekkies ingepalm. Diegene wat haar in aksie gesien het, het voorspel sy gaan een van die grotes word. Maar die noodlot het ander planne gehad.

2016 was die keerpunt van haar atletiekloopbaan. Daar is vasgestel dat sy 'n ekstra been in haar enkel het.

Ná 'n operasie om die been te verwyder was sy ses weke aan 'n bed vasgekluiser. Dit het daartoe gelei dat sy van vooraf moes leer loop. Sy het eers weer in 2017 begin deelneem.

Steenkamp is vol lof vir haar afrigter, Hennie Steenkamp, wat haar laat beseft het dat meer nie noodwendig beter is nie.

"Ek kan nie soos ander atlete wedloop ná wedloop hardloop nie want daar is 'n goeie kans dat ek beseer kan raak. Dit beteken ek moet deeglik besin oor waar en wanneer ek deelneem.

"'n Goeie voorbeeld was vanjaar se Suid-Afrikaanse byeenkoms by Tuks. Ek wou bitter graag deelneem, maar Coach het my afgeraai. Ek is hom baie dank

verskuldig vir die besluit want dit het 'n rol gespeel dat ek die Suid-Afrikaanse rekord kon verbeter."

Vrouesport is een van haar passies. Sy is besig met haar meestersgraad oor die noodsaaklikheid van leierskap en rolmodelle in Suid-Afrikaanse vrouesport.

"Ek glo werklik daarin dat sport nie net oor deelname gaan nie, maar nalatenskap. Toe ek jonk was, was daar geen rolmodelle na wie ek kon opkyk vir inspirasie nie. Die dag wanneer ek ophou hardloop, wil ek met jonger atlete, veral vroue, werk.

"Een van die belangrikste dinge wat ek hulle wil leer, is dat sukses nie oornag gebeur nie. Jy gaan misluk, en nie net een keer nie. Enige atleet moet eers leer om terugslae te verwerk voordat hy 'n ware kampioen kan word. Deurstellingsvermoë werp vrugte af. Vra maar vir my."